VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

# Hoe kan ek poliseme (of polisemie as woordverhouding) aan leerders bekendstel?

***Wat is poliseme?***

In die eerste plek moet ons eers ondersoek instel na wat poliseme is. Soms kan ons ’n woord nie net op een saak toepas nie. Dink aan die woord “kerk”. Dit kan verwys na ’n gebou (soos in “Die nuwe kerk is mooi.”), na ’n diens (soos in “Die kerk begin om tienuur.”) of na ’n kerkgenootskap (soos in “Hy is lid van die NG Kerk.”).

Hierdie verskillende betekenisse (ook genoem “betekenisonderskeidings” of “toepassingsmoontlikhede” van die woord “kerk” is wel *verskillend*, maar *hulle almal hou op ’n manier met mekaar verband*, omdat daar iets in hulle betekenis is wat dieselfde is. In hierdie geval kan ons sê dat al hierdie betekenisse van “kerk” ’n sentrale betekenisaspek het, en dit is dat hulle met geloof te doen het.




***Hoe kan poliseme verduidelik word? Aktiwiteit 1 (bekendstelling)***

**Stap 1:** Vertoon die volgende prentjies vir die leerders, en vra vir hulle wat elke prentjie voorstel.







**Stap 2:** Wys die leerders daarop dat die woord "skool" gebruik kan word om te verwys na elke saak/entiteit wat in die prentjie uitgebeeld word. Byvoorbeeld:

- Ons kan "skool" gebruik om te verwys na leerders wat huis toe mag gaan, soos in "Die **skool** kom oor 'n uur uit".
- Ons kan "skool" gebruik om te verwys na onderwysers en/of leerders, soos in "Die **skool** het die polisie ontbied".
- Ons kan "skool" gebruik om te verwys na 'n fisiese gebou, soos in "Die vervalle Mphemphe-**skool** het 31 leerlinge gehad".
- Ons kan "skool" gebruik om te verwys na sportspanne, soos in "Die **skool** speel rugby en netbal".

**Stap 3:** Verduidelik dat al het al hierdie gebruike van "skool" verskillende betekenisse, soos wat die prentjies uitbeeld, almal **steeds verwant aan mekaar is of met mekaar verband hou**. Hoe hou hulle verband met mekaar? Al hierdie gebruike van "skool" dui op 'n manier op **opleiding of onderrig**.


- Wanneer "skool" gebruik word om te verwys na leerders, is dit individue wat bedags onderrig ontvang.
- Wanneer "skool" gebruik word om te verwys na onderwysers en/of leerders, dui hierdie "skool" op mense wat betrokke in opleiding en onderrig is.
- Wanneer "skool" gebruik word om te verwys na 'n gebou, is dit die plek waar opleiding/onderrig plaasvind.
- Wanneer "skool" gebruik word om te verwys na sportspanne, is die sportspanne gekoppel aan 'n betrokke skool waar onderrig plaasvind.

***Hoe kan poliseme verduidelik word? Aktiwiteit 2 (gevorderd)***

1. Maak verskillende sinne met die woord "hoog", sodat elkeen telkens na 'n ander saak (iets in die werklikheid) verwys.
2. Gee by elke sin 'n omskrywing van die woord "hoog".
3. Die omskrywings wat by (2) hier bo gegee is, is die woord se betekenisse/betekenisonderskeidings/betekenisveld. Soms is daar 'n sentrale betekenisaspek, dit wil sê 'n betekenisaspek wat almal gemeen het. Identifiseer dit.

4. Voltooi die volgende diagram deur die verskillende betekenisonderskeidings van "hoog" daarin te skryf en in die middel die sentrale betekenisaspek (dit wat hulle gemeen het) in te vul.

**Die betekenis van "hoog"**




***Wat is nóg voorbeelde van poliseme?***

'n Paar bykomende voorbeelde van poliseme word onder gegee.

**"voet":**

- "Een van sy skoene maak sy **voet** seer."
- "die **voet** van 'n pilaar/glas/tafel/stoel/lamp; die **voet** van 'n berg"

[In die eerste sin verwys die woord "voet" na die onderste deel van 'n mens se been, onder jou enkel, waarop jy loop, en in die tweede sin verwys "voet" na die onderste deel waarop iets steun. In albei hierdie verskillende betekenisse is daar iets wat dieselfde is, naamlik iets wat aan die onderkant geleë is en gebruik word om iets te ondersteun.]

**"kruin":**

- "Elkeen se asem moet eenvoudig weggeslaan word deur die uitsigte oor die moederstad, waarvan die **kruin** per kalbelkar bereik kan word."
- "Die wêreldkampioen (branderplankryer) ... draai op die **kruin** van sy golf van twee meter."
- "Op die **kruin** van sy loopbaan het hy byna oor die hele Europa geregeer."

[In die eerste sin word die betekenis 'hoogste gedeelte van iets' oorgedra, in die tweede sin 'wit boonste of hoogste gedeelte van 'n brekende brander" en in die derde sin die figuurlike betekenis 'toppunt'. Al hierdie verskillende betekenisse het tog iets gemeen, naamlik dat hulle verwys na die bokant van iets wat óf letterlik óf figuurlik is.]

**"huis":**

- "Die **huis** staan op die hoek."
- Hy is die baas van sy **huis**."
- "Elke arbeider het sy eie **huis.**"
- "Sommige parlemente bestaan uit een, ander uit twee **huise**."

[In die sinne hier bo het die woord "huis" die volgende betekenisse: 'gebou', 'gesin', 'woning' en 'wetgewende liggaam/kamer'. Al hierdie betekenisse het 'n betekenisaspek wat dieselfde is, naamlik dat jy iets voorstel as 'n ruimte waar mense (gesinslede of parlementslede bymekaarkom.]

**"veld":**

- "Hy loop oor die **veld**."
- "Die beeste wei in die **veld**."
- "Hulle speel op die eerste **veld**."
- "Hy ken die hele **veld** van die wetenskap."
- "Die **veld** is groen ná die reën."

[In die sinne hier bo het die woord "veld" die volgende betekenisse: 'oop ruimte', 'grasweiding', 'sportterrein', 'terrein; gebied van kennis' en 'gras'. Al hierdie betekenisse het 'n betekenisaspek wat dieselfde is, want hulle verwys elkeen op 'n manier na 'n gebied, hetsy 'n letterlike gebied, soos die sportterrein, of 'n figuurlik gebied, soos die studieveld van die taalkunde.]

**"loop":**

- "Hy **loop** elke dag werk toe."
- "Waar **loop** jy heen?"
- "Die melk **loop** onder uit."
- "Hy **loop** klas."

[In die sinne hier bo het die woord "loop" die volgende betekenisse: 'stap', 'gaan', 'lek' en 'bywoon'. Al hierdie betekenisse het 'n betekenisaspek wat dieselfde is, want hulle verwys elkeen op 'n manier na beweging of aksie.]




**Bronnelys**


BeterAfrikaans. s.j. https://www.beterafrikaans.co.za/website/mob.php?pag=157 Datum van toegang: 1 Nov. 2023.

Bosman, N. & Pienaar, M. 2017. Afrikaanse semantiek. In Carstens, W.A.M. & Bosman, N., reds. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik. pp. 299-327.

Van der Walt, C.P., Van Aardt, C.P. & Eksteen, L.C. 1969. *Taalkunde vir die middelbare skool. Standerds 9 en 10.* Johannesburg: Voortrekkerpers.

Van Jaarsveld, G.J. 1985. *Semantiek.* Pretoria: Academica.